3. Jakobus 2:1-13

VERWELKOMING: **5 MIN**

YSBREKER: **20 MIN**

- Vertel vir mekaar hoe julle groot geword het. Was julle arm/ryk? Hoe het dit jou laat voel?
- Wat is die ergste armoede wat jy al gesien of beleef het?
- Watter mense is vir jou die moeilikste om regtig lief te hê?

AANBIDDING: **5 MIN**

Laat elkeen die volgende sin voltooi:

As ek aan God dink, dan dink ek aan.....

Gee nou 'n minuut vir stilgebed om God te aanbid en te loof.

BYBELSTUDIE: **35 MIN**

Lees Jakobus 2:1-13. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Hoeveel moeite doen jy met jou voorkoms? Hoekom?
- Wanneer het jy al iemand verkeerdelik op sy uiterlike beoordeel of is jy al so beoordeel?
- Wat is die regte oorwegings op grond waarvan ons mense behoort te beoordeel (LW: nie veroordeel nie) (vers 4)?
- Hoe skend 'ryk' mense die Naam van die Here in ons samelewing vandag (vers 7)?
- Wat kan julle doen om volgens die wet van die koninkryk te leef (vers 8)?

GETUIG: **5 MIN**

Ons getuig nie net met ons woorde nie, maar ook met ons dade. Watter dade wys dat ons Christene is en watter nie?

DIENSWERK: **5 MIN**

Bespreek julle dienswerk teenoor mekaar.

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Laat elke persoon die volgende drie vrae antwoord:

Na aanleiding van hierdie byeenkoms,

1. Wat wil jy bely?
2. Waarvoor wil jy dankie sê?
3. Wat wil jy vra?

Laat drie persone dan namens julle vir elkeen van hierdie bid.

ADMINISTRASIE: **5 MIN**